G.P.S 003-0247

J611

**Saaknommer: 2392/01 & 8746/01**

# FINALE EGSKEIDINGSBEVEL

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA,**

**(PROVINSIALE AFDELING KAAP DIE GOEIE HOOP)**

**TE KAAPSTAD: DINSDAG op die 13de dag van NOVEMBER 2001**

**VOOR SY EDELE REGTER OOSTHUIZEN (WAARNEMEND)**

**In die saak tussen**

MARGARET BOTHA (gebore VAN EEDEN) — Eiseres
ID NO 570317 0053 00 7

**en**

WILLIAM JAMES HURST BOTHA — Verweerder
ID NO 580808 5008 00 2

**Na aanhoor van die Advokaat namens die eiseres**

**en na die deurlees van die betrokke stukke,**

**GELAS DIE HOF**

**Dat die huweliksband tussen eiser en verweerderes hierby ontbind word.**

Dat die Skikkingsakte geliasseer en gemerk "X" 'n bevel van die Hof gemaak word.

OP LAS VAN DIE HOF

REGISTRAR: HIGH COURT
2001 -11- 22
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

HOF GRIFFIER

Schur Marais & Doman, WORCESTER
P/a 97 Mostert & Bosman, KAAPSTAD

/EC

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (PROVINSIALE AFDELING KAAP DIE GOEIE HOOP)

SAAKNOMMER:

In die saak tussen:

**MARGARET BOTHA (gebore VAN EEDEN)** Eiseres

en

**WILLIAM JAMES HURST BOTHA** Verweerder

---

## SKIKKINGSAKTE

---

NADEMAAL Eiseres 'n aksie ingestel het ingevolge waarvan Verweerder gedagvaar word vir 'n Egskeiding en ander regshulp;

EN NADEMAAL Verweerder die aksie opponeer en 'n teeneis ingestel het;

**NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE AS VOLG OOREEN:**

Die partye kom ooreen om die aksie te skik op die ondergemelde terme en voorwaardes en dat die skikkingsakte 'n Hofbevel gemaak sal word.

REGISTRAR: HIGH COURT
2001 -12- 06
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

CERTIFIED A TRUE COPY OF THE ORIGINAL
... 'N WARE AFSKRIF VAN DIE OORSPRONKLIKE
... VAN DIE HOOGGEREGS...
REGISTRAR OF THE HIGH COURT, C.P.D.

1. **EGSKEIDING**

Die partye stem toe dat 'n egskeidingsbevel hierin toegestaan word.

2. **BEHEER EN TOESIG**

2.1 Die partye kom ooreen dat beheer en toesig oor die partye se minderjarige kind, WILLEM, aan Eiseres toegeken word, onderworpe aan Verweerder se reg van redelike toegang wat sal behels dat Verweerder die reg sal hê om:

2.1.1 Willem by hom te neem elke tweede naweek vanaf 18:00 die Vrydag tot 18:00 die daaropvolgende Sondag, met dien verstande dat indien die naweek wanneer Verweerder toegangsregte tot die minderjarige kind het, voorafgegaan word of gevolg word deur 'n openbare vakansiedag, Verweerder se reg van toegang tot die kind verleng sal word met inkorporering van sodanige vakansiedag;

2.1.2 Willem by hom te neem alternatiewe vakansies. (Vir hierdie doeleindes sal die Desember/Januarie skoolvakansie geag word twee verskillende vakansies te wees, een in Desember en een in Januarie, met die spesifieke doel om te verseker dat die minderjarige kind alternatiewe Kersfeeste by alternatiewe partye sal deurbring. Dit word genotuleer dat

CERTIFIED A TRUE COPY OF THE ORIGINAL
GESERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF VAN DIE OORSPRONKLIKE
GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, K.P.A.
REGISTRAR OF THE HIGH COURT, C.P.D.

REGISTRAR: HIGH COURT
2001 -12- 06
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

Willem die eerste gedeelte van die Desember vakansie by Eiseres sal deurbring en dat Verweerder Willem by Eiseres sal afhaal teen 18:00 op 28 Desember 2001, by Eiseres se woning.

2.2 Wanneer Verweerder sy toegangsregte tot die minderjarige kind uitoefen te Meerenbosch, Hermanus, sal Verweerder die minderjarige kind by Eiseres afhaal voor 20:00 op die Vrydagaand en sal Verweerder die minderjarige kind by Eiseres terugbesorg teen 18:00 op die Sondagaand. Indien Verweerder toegang het tot Willem in Worcester, sal Eiseres die seun een Vrydagmiddag per maand voor 20:00 by Verweerder se woning in Worcester besorg en Verweerder sal hom die Sondagaand teen 18:00 by Eiseres terugbesorg. Indien Verweerder van voorneme is om toegang tot Willem in Worcester uit te oefen, sal hy Eiseres persoonlik teen die Donderdagaand voor die naweek daarvan kennis gee.

2.3 In geval van vakansietoesig van Verweerder tot die minderjarige kind, sal Eiseres die minderjarige kind by Verweerder se woning besorg en Verweerder sal die minderjarige kind by die Eiseres besorg na afloop van die vakansie-toegangperiode.

2.4 Verweerder sal die reg hê van redelike telefoniese kontak tot die minderjarige kind en Eiseres sal die reg hê tot redelike telefoniese

REGISTRAR: HIGH COURT
2001 -12- 06
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

kontak tot die minderjarige kind wanneer die kind in Verweerder se sorg is.

2.5 Eiseres stem toe dat sy geen beswaar het daarteen indien Verweerder reëlings tref om deur die betrokke skool of voorskool, wat deur die minderjarige kind bygewoon word, op hoogte gehou te word van belangrike geleenthede wat verband hou met die kind se skoolopvoeding nie, insluitende kennisgewings met betrekking tot spesiale funksies en skoolverslae. Verweerder sal self die nodige reëlings tref.

2.6 Eiseres sal nie die minderjarige kind permanent uit die jurisdiksie-gebied van hierdie gemelde Hof neem of permanent 'n afstand van meer as 150km van Worcester neem sonder dat sy Verweerder skriftelik daarvan verwittig, minstens 60 dae voordat sy van voorneme is om te vertrek nie en sal nie die kind uit die Republiek van Suid-Afrika neem sonder Verweerder se skriftelike toe-stemming nie, welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie.

2.7 Die partye stem ooreen dat die toegangsreëlings deur beide partye toegepas sal word op 'n redelike wyse, met inagneming van Willem se persoonlike omstandighede en aktiwiteite en onderworpe aan Willem se skolastiese, godsdienstige en buitemuurse aktiwiteite. Die partye verstaan dat uitsonderings mag voorkom in die normale

REGISTRAR: HIGH COURT
2001 -12- 06
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

roetine van die partye en/of van Willem en sal poog om mekaar te alle tye te akkommodeer in die beste belang van die minderjarige kind. Dit sal insluit dat Verweerder geregtig sal wees op 'n alternatiewe naweek toegang tot Willem, indien Willem op 'n naweek wat Verweerder toesig sou hê, nie na hom kan gaan nie, met dien verstande dat Elseres vooraf Verweerder sal verwittig van die omstandighede.

2.8 Beide partye sal mekaar deurentyd ingelig hou van kontaknommers waar Willem gekontak kan word, wanneer Willem in hulle sorg is. Elseres sal Verweerder voorsien van die telefoonnommer van die skool wat deur Willem bygewoon word.

3. **<u>ONDERHOUD</u>**

3.1 Totdat hy 21-jarige ouderdom bereik het of selfonderhoudend raak, welke eerste gebeur, sal Verweerder onderhoud betaal vir Willem, aanvanklik ten bedrae van R500,00 per maand, tot en met Januarie 2003, waarna die onderhoud sal verhoog na R650,00 per maand. Beide partye behou die reg om in die gepaste Hof in gepaste omstandighede aansoek te doen vir 'n wysiging van die bedrag onderhoud betaalbaar.

REGISTRAR: HIGH COURT
2001 -12- 06
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

CERTIFIED A TRUE COPY OF THE ORIGINAL
GESERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF VAN DIE OORSPRONKLIKE
GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF K.P.A.
REGISTRAR OF THE HIGH COURT, C.P.D.

3.2 Eiseres sal die minderjarige kind op haar mediese fonds behou en aanspreeklik wees vir mediese uitgawes ten opsigte van die minderjarige kind.

4. **VERDELING VAN BATES**

Elke party sal dié bates wat tans in sy of haar besit is en/of in sy of haar naam geregistreer is, behou as sy of haar uitsluitlike eiendom.

5. **VOLLE EN FINALE SKIKKING**

Die partye kom ooreen dat hierdie skikking 'n volle en finale skikking is en dat die partye geen ander eise teenoor mekaar sal hê wat hieruit mag voortspruit nie.

6. **BINDEND OP BOEDEL**

Die terme en bepalings van hierdie skikkingsakte sal bindend wees op die onderskeie boedels van die partye.

7. **KOSTE VAN DIE GEDING**

Elke party sal aanspreeklik wees vir sy of haar regskoste, behalwe dat Verweerder 'n bydrae sal maak van R2 500,00 ten opsigte van die koste van die deskundige, Madelé Burger, teen nie later nie as 1 Junie 2002.

REGISTRAR: HIGH COURT
2001 -12- 06
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

CERTIFIED A TRUE COPY OF THE ORIGINAL
GESERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF VAN DIE OORSPRONKLIKE

GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, K.P.A.
REGISTRAR OF THE HIGH COURT, C.P.D.

GEDATEER TE KAAPSTAD OP HIERDIE 13de DAG VAN NOVEMBER 2001.

**AS GETUIES:**

1. ______________________

______________________

**EISERES**

2. ______________________

GEDATEER TE KAAPSTAD OP HIERDIE 13de DAG VAN NOVEMBER 2001.

**AS GETUIES**

1. ______________________

______________________

**VERWEERDER**

2. ______________________

REGISTRAR: HIGH COURT

2001 -12- 06

CAPE TOWN/KAAPSTAD

GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

CERTIFIED A TRUE COPY OF THE ORIGINAL
GESERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF VAN DIE OORSPRONKLIKE

GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, K.P.A.
REGISTRAR OF THE HIGH COURT, C.P.D.